higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N810**(A)**(N16)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

(10010464)

16 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

VEREISTES: **Antwoordboek en DRIE velle tikpapier**
AL die kunsmedia wat in Modetekene gebruik word

Eie ruwe sketse word NIE toegelaat nie

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 5 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

5. Beantwoord AFDELING A in jou ANTWOORDBOEK.

6. Plaas ALLE BYLAES binne-in jou ANTWOORDBOEK.

7. Gebruik slegs EEN kant van die tikpapier en plaas dit binne-in jou ANTWOORDBOEK.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die primêre kleure het betrekking op rooi, geel en blou.

1.2 Die VIER sleutelelemente van ontwerpsbeginsels is silhoeët, kleur, lyn en tekstuur.

1.3 Produksiesketse staan ook as konstruksiesketse bekend.

1.4 Om die menslike liggaam volgens die teorie van agt gelyke liggaamsdele ('eight-head theory') te teken, gee jou 'n figuur met goeie afmetings.

1.5 Alle lettervorms word in verskillende style of letterfatsoene ingedeel.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die volgende skets. Benoem elke konstruksieprosese volgens die nommers. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10 × 1) (10)

2.2 Maak 'n skets van 'n vyfjarige meisie wat 'n somerspartytjierok met 'n Peter Pan-kraag en pofkortmoue dra. (10)

2.3 Noem VYF kunsbeginsels van mode-ontwerp. (5)

2.4 Hoe word sekondêre en tersiêre kleure gemaak? (2)

2.5 Noem die primêre kleure. (2)

2.6 Omskryf die term *produksietekening*. (2)

2.7 Verduidelik die gebruik van 'n ontwerperskostestaat. (2)

2.8 Wat is die verskil tussen *waarde* en *intensiteit*? (2)

2.9 Noem VYF faktore wat die keuse van kleur in mode bepaal. (5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee het nou eers besef hoe ontoepaslik die Suid-Afrikaanse atlete tydens die openingsplegtigheid en die medaljetoekennings van die Olimpiese Spele in Rio geklee is. As modeontwerper word jy versoek om DRIE ontwerpsontwikkelingsketse te maak ten einde 'n modevoorkoms te skep wat nie 'n nasionale verleentheid sal veroorsaak nie. (Hou AL die vereistes vir 'n goeie ontwerpsontwikkelingsbord in gedagte.) (50)

Kopiereg voorbehou

3.2 Bestudeer die skets hier onder aandagtig en maak 'n aanbiedingstekening van 'n figuur wat die uitrusting in die skets dra. Toon die VOOR- en AGTERaansigte. Voltooi die aanbiedingstekening deur 'n geskikte agtergrond en die regte bykomstighede te voorsien. Hou AL die vereistes vir 'n goeie aanbiedingstekening in gedagte. (Sien BYLAE C.)



(50)
[100]

VRAAG 4

TREK STYLVOL AAN VIR DIE POS WAT JY WIL HÊ!
(Uittreksel uit *Sunday World*, 21 Augustus 2016)

Volgens Viljoen is 'n goeie voorkoms 'n vorm van goeie maniere en dit skep altyd 'n goeie indruk, veral by die werksplek: 'Die beste raad wat nog ooit gegee is: Trek aan vir die pos wat jy wil hê en nie vir die werk wat jy reeds het nie. As jy iets dra wat jou ongelooflik goed laat voel, kan jou dag verander asook die wyse waarop ander na jou kyk. Dis 'n oneg totdat jy 'n strategie volg.'

''n Goeie snit, klere wat goed pas, aandag aan materiaal en aandag aan gehalte sal jou in enige raadsaal om al die regte redes laat uitstaan.' Die uitdaging hierdie somer is om mode-artikels aan te koop wat die jongste neigings uitbeeld, dit wil sê iets met strepe, blomme of uitgesnyde moue.

Jy word versoek om 'n reeks van VYF uitrustings vir die week te ontwerp wat jou ewe stylvol by die werk as buite jou kantoor sal laat lyk. (Sien BYLAE E, hierby aangeheg.) **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B



BYLAE C



Kopiereg voorbehou

BYLAE D



BYLAE E



Kopiereg voorbehou